Kopieno ....

MEMORANDUM 15 Maart 1979

Van : H SAW HSAW/NGBS/303/5/11/2

Aan : Voorsitter van die SVR Werkkomitee

Die Sekretarisse van:
Buitelandse Sake
Justisie
Nasionale Veiligheid

Kommissaris van die SA Polisie

KORTTERMYNSTRATEGIE VIR ANGOLA

1. My vorige memoranda tov SWA en Rhodesië waarin ek sekere voorstelle gemaak het oor die formulering en implementering van korttermynstrategieë, moet ook hiermee in verband gebring word.

2. Soos in die geval van SWA en Rhodesië is sekere aksies nou nodig om 'n korttermynstrategie vir Angola te formuleer en te implementeer. Die strategie vir Angola staan in baie noue verband met dié van SWA en is aan dieselfde tydsbepalings gekoppel. In die volgende paragrawe gee ek my siening oor die prosedures wat gevolg moet word om 'n korttermynstrategie vir Angola te formuleer en te implementeer.

3. Stap 1. Die SVR riglyne tov Angola, wat op 21 Februarie 1979 deur die Eerste Minister goedgekeur is, sal aan die SVR Werkkomitee opgedra moet word om dit deur die interdepartementele komitees tot 'n nasionale korttermynstrategie uit te bou. Om tyd te spaar, het die SA Weermag in oorleg met Buitelandse Sake 'n voorgestelde korttermynstrategie vir Angola opgestel wat hiermee aan u beskikbaar gestel word vir aandag en vroeë bespreking en goedkeuring deur die SVR Werkkomitee. Kyk Aanhangsel A.

4. Stap 2. 'n Gesamentlike Beplanningsentrum (AGBS) moet vir Angola daargestel word netsoos in die geval van SWA en Rhodesië, om die uitvoering van die nasionale strategie tov Angola in Suidelike Afrika verband te beplan en te koördineer onder die deurlopende monitor van die Nasionale Gesamentlike Beplanningsentrum (NGBS). Kyk Aanhangsel B.

HOOF VAN DIE SA WEERMAG : GENERAAL

HSAW/NGBS/303/5/11/2
MAART 1979

# KORTTERMYNSTRATEGIE VIR ANGOLA

Byvoegsel 1 : SVR Riglyne vir Angola : 12 Feb 79

Byvoegsel 2 : Riglyne vir die Daarstelling van 'n Angola Gesamentlike Beplanningsentrum (AGBS)

## INLEIDING

1. Die Strategiese Situasie:

a. Die RSA aanvaar 'n Suidelike Afrika strategie op 12 Feb 79, met die volgende spesifieke doelwitte tov Angola:

i. Om die politieke situasie in Angola so onstabiel as moontlik te hou.

ii. Om UNITA en ander vryheidsbewegings te onder=steun.

iii. Om druk op die Angolese Regering uit te oefen, om SWAPO te oorreed om Resolusie 435 op te skort.

iv. Om klandestiene operasies teen Angola te lei om hulle vermoë en bereidheid om SWAPO te ondersteun af te takel. Die uiteindelike doel is, dat die MPLA Regering SWAPO verhoed om in Suid-Angola te ontplooi.

b. Angola se beleid tov Suidelike Afrika is gerig op die ondersteuning van die marxistiese imperialistiese stra=tegie in Suidelike Afrika met die volgende doelwitte:

i. Om SWAPO te ondersteun om SWA oor te neem.

ii. Om die RSA en Rhodesië se staatsgesag omver te werp en deur radikale regerings te vervang.

iii. Om UNITA te vernietig.

iv. Om die Benguela spoorlyn oop te stel om sodoende Zambië, Zaïre en later Rhodesië tot 'n beperkte mate van hulle afhanklik te maak.

c. SWAPO se beleid en doelwitte is:

i. Om die implementering van Resolusie 435 te vertraag om sodoende die RSA Regering te forseer om Resolusie 435 op te skort.

ii. Om 'n marxistiese regering in SWA aan bewind te stel.

iii. Om 'n marxistiese magsblok bestaande uit Angola en SWA as 'n marxistiese bondgenootskap op die Weskus van Afrika daar te stel.

OPDRAG EN TAKE

2. Opdrag. Die politieke situasie in Angola moet so onstabiel en vloeibaar as moontlik gehou word, om die nasionale veiligheid van SWA, teen die marxistiese aanslag vanuit Angola, te verseker.

3. Take:

a. Taak 1. Om Suid-Angola deur die toepassing van 'n totale strategie vir solank dit tot voordeel van die veiligheidsituasie in Suidelike Afrika is, onstabiel te hou en daardeur die MPLA Regering te dwing om sy steun aan SWAPO op te sê.

b. Taak 2. Om UNITA en ander vryheidsbewegings soos FNLA, FLEC/MOLICA as bondgenote te betrek in die bekamping van die marxistiese aanslag.

c. Taak 3. Om SWAPO se magsbasis in Angola deur gekoördineerde optrede te vernietig.

d. Taak 4. Om voorbereid te wees om konvensionele operasies teen Angolese/Kubaanse/SWAPO magte uit te voer.

UITVOERING

4. Daarstelling van die Angolese Gesamentlike Beplanningsentrum (AGBS). Die doel van die AGBS is om direktiewe, riglyne en beleide ten opsigte van Angola, soos opgedra deur die Nasionale Gesamentlike Beplanningsentrum (NGBS), in samewerking met UNITA en ander vryheidsbewegings en in oorleg met die SWAGBS, sodanig te bestuur dat die RSA se strategiese doel ten opsigte van Angola in Suidelike Afrika verband in die praktyk verwesenlik word. Vir meer besonderhede oor die AGBS, kyk Byvoegsel 2 hierby aangeheg.

5. Taak 1. Om Suid-Angola deur die toepassing van 'n totale strategie vir solank dit tot voordeel van die veiligheidsituasie in Suidelike Afrika is, onstabiel te hou.

6. Korttermynstrategie vir Taak 1:

a. Die uitvoering van die korttermyn totale strategie in Angola sal deur die AGBS gekoördineer en in die praktyk uitgevoer word. Die AGBS sal bestaan uit verteenwoordigers van die RSA en van die Angolese vryheidsbewegings. Deur 'n gesamentlike poging van die RSA en die vryheidsbewegings met die klem op UNITA sal gekoördineerde optrede in veral Suid-Angola verseker word.

b. Gesamentlike optrede moet daarop ingestel wees om on= stabiliteit op alle moontlike terreine in Angola te bewerkstellig.

c. Wanneer die politieke situasie, veral in Suid-Angola sodanig verbeter het dat 'n stabiele anti-kommunis= tiese regering tot voordeel van Suidelike Afrika in die gebied aan bewind gestel kan word, moet alle take en strategieë soos uitgespel in die korttermyn daar= volgens gewysig word, om so 'n regering aan bewind te stel en te hou.

d. Politieke optrede. Die volgende politieke optrede sal deur die AGBS, binne die goedgekeurde SVR riglyne uitgevoer word:

i. Die nie-bereidheid van die RSA Regering om nouer betrekkinge met 'n marxistiese MPLA regering aan te knoop nie, moet deurlopend verkondig en onder die aandag van die goedgesinde Angolese vryheids= bewegings verkondig word.

ii. Die bereidheid van die RSA Regering om sover moontlik die vryheidsbewegings soos UNITA, FNLA en FLEC/MOLICA op 'n verantwoordelike wyse te on= dersteun moet in die praktyk toegepas word. Daar moet pogings aangewend word dat hierdie nasionale vryheidsbewegings onder leiding van UNITA as 'n eenheidsfront moet opereer met die einddoel om 'n anti-marxistiese regering in Angola daar te stel.

iii. Die Wesmag-, VN- en kommunistiese hulp aan MPLA om UNITA en die ander vryheidsbewegings te ver= nietig sal deur die RSA binne sy vermoë teëge= staan word.

iv. Die RSA Regering sal binne diskresie 'n amptelike diplomatieke protesnota aan die MPLA regering rig dat hulle, hulle grondgebied beskikbaar stel vir die opleiding van SWAPO en die SA ANC wat die na= sionale veiligheid van SWA en die RSA benadeel. Hierdie optrede van die MPLA regering moet gestaak word.

vi. Die RSA Regering sal Angola binne diskresie ver= soek dat hulle moet toesien dat SWAPO basisse, logistiese installasies en die opleidingskampe nie so ontplooi word dat die RSA in die uitvoering van die hakkejagoperasies in botsing met hulle veiligheidsmagte sal kom nie. Indien daar nie uitvoering verleen word aan hierdie versoek nie, moet die Angolese regering dit aanvaar dat die RSA en sy SWA se veiligheidsmagte in die uitvoe=

ring van selfverdediging operasies in botsing met hulle magte sal kom. Dieselfde versoek as vir SWAPO geld ook vir die SA ANC terroriste wat in Angola ontplooi is.

e. Sielkundige Aksie Riglyne. Binne die instruksies en direktiewe soos uitgereik deur die NGBS en die SWAGBS moet die AGBS die volgende sielkundige aksies uitvoer:

i. Die Kubaanse en kommunistiese inmenging moet aangeval en afgetakel word. 'n Spanningsituasie moet tussen die plaaslike bevolking en vreemde magte geskep word.

ii. Die beeld van UNITA en FNLA as die bevryders van Angola van die kommunistiese juk moet uitgebou word.

iii. Propaganda-uitsendings uit Angola moet bekamp word.

f. Ekonomiese Aksie Riglyne. Die AGBS moet binne die riglyne soos uitgespel deur die NGBS en die SWAGBS die volgende ekonomiese aksies koördineer en uitvoer:

i. Die nasionale infrastruktuur van Angola moet deur klandestiene optrede so ontwrig word dat 'n onstabiele situasie in Angola geskep word. *domestic*

ii. Deur klandestiene optrede moet die hoof uitvoer hawens en die hoof spoorlyne in Suid-Angola wat daarnatoe lei, ontwrig word.

iii. Angolese versoeke ten opsigte van elektriese kragvoorsiening vanaf Ruacana, versoeke ten opsigte van voedselverskaffing ens, moet hanteer word tot beste voordeel van die RSA.

g. Nasionale Veiligheidsaksies. Die AGBS sal binne die direktiewe soos uitgereik deur die NGBS en die SWAGBS die volgende aksies teen die veiligheidsmagte van Angola rig:

i. Alle vryheidsbewegings moet ondersteun word om aanvalle te lei op die Angolese veiligheidsmagte om sodoende hulle vermoë om wet en orde en stabiliteit, veral in Suid-Angola, onder die plaaslike bewoners te verseker, te ontwrig.

ii. Deur klandestiene optrede wat gerig word op alle vervoerhulpmiddels soos paaie, brûe, spoorweg netwerke en vliegvelde moet verseker word dat hierdie fasiliteite nie gebruik kan word vir vin=

nige ontplooiing van die Angolese veiligheidsmagte nie. (Suid-Angola)

7. Taak 2. Om UNITA en ander vryheidsbewegings soos FNLA, FLEC/MOLICA as bondgenote te betrek in die bekamping van die marxistiese aanslag.

8. Korttermynstrategie ter uitvoering van Taak 2:

a. UNITA is die grootste enkele faktor wat onstabiliteit veral in Suid-Angola onbeperk kan laat voortduur. Die vermoë van UNITA is 'n saakmakende bedreiging vir MPLA en Kubaanse magte en groter hulpverlening kan die potensiaal van UNITA, veral in die onmiddellike korttermyn, aansienlik verhoog. Klem moet dus op die ondersteuning van UNITA geplaas word.

b. RSA hulpverlening aan UNITA sal klandestien moet geskied sodat hulp vanuit ander bronne aan UNITA nie ontmoedig word nie en die beeld van die RSA se onbetrokkenheid nie openlik geskaad word nie.

c. Aangesien UNITA se optrede hoofsaaklik militêr van geaardheid is, sal die SAW met die ondersteuning van die ander betrokke staatsdepartemente die nodige ondersteuning aan UNITA verskaf om hulle militêre magsbasis vir optrede teen SWAPO asook teen die Angolese veiligheidsmagte, uit te bou.

9. Taak 3. Om SWAPO se magsbasis in Angola deur gekoördineerde optrede te vernietig.

10. Korttermynstrategie ten uitvoering van Taak 3:

a. Intensiewe insameling van inligting aangaande die volgende aspekte van SWAPO in Angola sal deur die inligtingsgemeenskap in die staatsbestel uitgevoer word:

i. Operasionele basisse
ii. Opleidingsbasisse
iii. Magsveiligheid
iv. Toevoerroetes
v. Logistiese basisse
vi. Bevel en beheer
vii. Bepaling van prioriteite tov teikens.

b. Operasionele beplanning moet opgestel en bygehou word vir die uitvoer van oorwoë voorsprongoperasies op SWAPO teikens in Angola. Die SAW moet die nodige voorleggings aan die SVR maak vir die lei van oorwoë voorsprongoperasies.

c. Die feit dat SWAPO onder dekmantel of gesamentlik met die MPLA optree verhoed nie operasies teen sodanige magte nie.

d. Die maksimum aanwending van UNITA in die gewapende stryd teen SWAPO is van deurslaggewende belang.

e. Die Angolese grens mag oorgesteek word vir:

i. Insameling van inligting

ii. Hakkejagoperasies

iii. Klandestiene operasies

iv. Oorwoë voorsprongoperasies met SVR goedkeuring.

In die lei van operasies oor die grens moet die riglyne van die Staatsveiligheidsraad tov selfverdedigingaksies wat op 12 Feb 79 goedgekeur is nagevolg word.

11. Taak 4. Om voorbereid te wees om konvensionele operasies teen Angolese/Kubaanse/SWAPO magte uit te voer.

12. Korttermynstrategie ten uitvoering van Taak 4:

a. Intensiewe insameling van inligting tov opbou van konvensionele land-, lug- en maritieme magte in Angola moet deur die inligtingsgemeenskap uitgevoer word.

b. Die SAW met die nodige ondersteuning van alle betrokke staatsdepartemente sal volgens die vyandelike magspeile wat in Angola opgebou word, wat die nasionale veiligheid van SWA nadelig kan beïnvloed, aksies daarstel om met die goekeuring van die SVR dit volgens pro-aktiewe optrede te vernietig.

SLOT

13. Alhoewel die korttermynstrategie besondere klem lê op die Suid-Angolese gebied, moet dit egter nie uit die oog verloor word nie, dat Angola uiteindelik as 'n staat in die Suidelike Afrika konteks van nie-marxistiese state wat deur inter-afhanklikheid mekaar ondersteun op alle terreine om die marxistiese aanslag teen Suidelike Afrika af te weer, gehanteer moet word. Weens die felheid, die intensiteit en die verkorte tydskaal wat daar vir SWA gestel is om te oorleef teen hierdie marxistiese aanslag, moet hierdie korttermynstrategie so spoedig moontlik geïmplementeer word.

14. Die Angolese korttermynstrategie moet deurlopend ingeskakel en saamgelees word met dit wat daargestel word vir Suidwes-Afrika.